VRYPOS

Weeklikse Nuusbrief van die NG Kerk Vrystaat

Jaar 11 - Uitgawe 19

Kontak ons: kerkinfo@ngkvs.co.za

"Toe die dag van die pinksterfees aanbreek,
was hulle almal op een plek bymekaar...
Almal is met die Heilige Gees vervul...
(Handelinge 2: 1, 4)

6 Junie 2014

Beste Vrypossers

1. ENGO GESINSORG (KMD) SE KOUENAG: Die Ring van Hospitaalpark het onderneem om hierdie jaar die ENGO (KMD) Kouenag spesiaal te maak en 'n hele

nuwe baadjie te gee. **Gemeentes se hulp en ondersteuning is egter nodig om van hierdie geleentheid 'n groot sukses te maak.** Dit vind hierdie **Vrydagaand 6 Junie 2014 vanaf 18:30 tot 20:00** (of sommer tot laat) in die **NG Gemeente Fichardtpark se kerksaal** te Altonasingel 16, Fichardtpark, plaas. Vir **toegang kan julle kos, klere, 'n kombers of kontant** saambring. Die plan is om dit 'n musiekaand te maak waar die hele gesin met hul eie piekniekmandjie en eetgerei heerlik gesellig kan saamkuier - sop en broodjies word ook verskaf. Bevestig asseblief u bywoning van hierdie geleentheid by Amanda de Wet, 051 522 6914, of by **amanda@engo.co.za.** ***Indien jy van die Bloemfontein omgewing is, versprei asseblief hierdie inligting so wyd moontlik, sodat soveel moontlik mense dit kan bywoon.***

2. BEURSE EN LENINGS – NG KERK VRYSTAAT: Die Sinodale Kerkkantoor ken jaarlikse beurse en lenings aan voltydse teologiese, sowel as nie-teologiese studente, toe.

Aansoekvorms vir beurse en lenings ten opsigte van die **2015 studiejaar**, is reeds by hierdie kantoor beskikbaar. ***Die sluitingsdatum vir die aansoeke is 31 Augustus 2014.*** Vir verdere navrae in dié verband, kontak gerus vir Tertius of Christelle by 051 406 6700, of stuur 'n e-pos aan **studente@ngkvs.co.za**. **NB** – ***hierdie beurse en lenings word slegs aan studente (nie-teologies) toegestaan wat aan 'n Vrystaatse instansie studeer en wie se ouers in die Vrystaat woonagtig is, asook teologiese studente wat aan die Universiteit van die Vrystaat studeer. Voorwaardes geld.***

3. NB! VERANDERING VAN TEL NO: Neem asseblief kennis dat **ds Barnard Steyn**, Direkteur: Bedieningsbegeleiding (EBB), NG Kerk Vrystaat, se **kantoortelefoonnommer verander** het – dit is **nou 051 406 6727**. Teken dit asseblief so aan indien jy dit dalk in die toekoms sou benodig.

4. VROUELESSENAAR-NUUS: Die Jaarvergadering van die Vrouelessenaar van die Algemene Sinode, het onlangs vanaf 30 -31 Mei 2014 by *La Chateau* in Johannesburg, plaasgevind. Nege

sinodes het die vergadering bygewoon en tydens hierdie geleentheid is Joanie Theron, sekretaresse van die Vrystaatse Vroue, ook as sekretaresse van die Vrouelessenaar verkies. Die kantoor van die Vrystaatse Vroue word ook huidiglik as die administratiewe funksie van die Vrouelessenaar gebruik. Die Lessenaar het saam met die *Reformed Christian Woman's Forum*, wat 'n forum is van nege susterkerke, 'n mediaverklaring oor die geweld en misdaad teen vroue, uitgereik (sien pt 5). Die Lessenaar beplan 'n landswye vrouesaamtrek (**Vrouefees**) in Bloemfontein, gedurende **September 2015**. Meer inligting hieroor sal mettertyd volg. *(Die Redaksie wil hiermee vir Joanie Theron hartlik gelukwens met haar verkiesing as sekretaresse van die Vrouelessenaar – trots op jou kollega!)*

5. MEDIAVERKLARING GEREFORMEERDE CHRISTENVROUE FORUM: Die Gereformeerde Christenvroue Forum is onlangs deur vroue uit die Gereformeerde kerke in Suid Afrika gestig, as platform vir Christen-vrouestemme. Christenvroue se stemme oor kwessies en sake wat vroue aangaan, word nie genoeg gehoor nie. Die Forum wil die gesamentlike, publieke getuienis van Christenvroue aanspreek. Die fokuspunt is veral sake op die vlak van sosiale geregtigheid, soos die Woord van God ons leer. Die volgende kerke is deel hiervan: Die *Uniting Presbyterian Church in SA* (UPCSA), Gereformeerde kerk, Hervormde kerk, Verenigde Geref kerk (VGK), *Reformed Church in Africa* (RCA), NG Kerk in Afrika (NGKA), *Methodist Church*, NG Kerk en die *Uniting Congregational Church in SA* (UCCSA). Klik **hier** vir 'n mediaverklaring in Afrikaans en **hier** vir die Engelse verklaring wat deur hierdie Forum uitgereik is.

6. KONFERENSIE - INTERKULTURELE GEMEENTE-WEES:
Hierdie geleentheid vind vanaf **22 – 23 Junie 2014 in Bellville** plaas. Die doel van die konferensie is om te besin oor die aard en huidige funksionering van multikulturele gemeentes in die NG Kerk-familie, met die oog daarop om die vorming en funksionering van multikulturele gemeentes te bevorder. Belangstellendes kan **hier** klik vir meer besonderhede (sprekers, program, koste, ensovoorts).

7. KERKBODE EN LiG: Klik op voorblaaie van die nuutste **KERKBODE** en **LiG (Junie)** vir interessante en aktuele nuus *(kyk ook by pt in BM se nuusbrief waaroor jy in Kerkbode kan lees)*:

8. NUUSBRIEWE:

- **BYBEL-MEDIA NUUSBRIEF 9/2014:** Die winter is hier! Bybel-Media het genoeg van die regte leesstof om van die koue te vergeet. Dié week is die fokus op die jongste *Kerkbode* en drie nuwe Bybelkor- publikasies – klik **hier** vir volledige nuusbrief.

- **EMMAUS SENTRUM NUUSBRIEF - 29 MEI 2014:** Klik **hier** vir nuus oor al hulle aanbiedings, kursusse, ensovoorts.

- **MISSIE JAPAN NUUSBRIEF:** Die ondersteunende kantoor van Missie Japan in Bloemfontein, die Vennote in Getuienis, het 'n nuusbrief saamgestel. Klik **hier** daarvoor – lees dit asseblief en bid saam vir wat voorlê. Binne die volgende week volg Stephan van der Watt se persoonlike nuusflits

wat onder andere hul komende besoek aan Suid-Afrika se finale program sal bevat – kyk uit daarvoor.

9. VAKATURES:

• Vir die amptelike bekendmaking van **vakatures vir predikante** deur *Kerkbode*, gaan na **www.kerkbode.co.za** – **klik** dan op ***Amptelik - Vakatures***.

• **MAATSKAPLIKE WERKER - ENGO GESINSORG VIRGINIA:** Klik **hier** vir al die besonderhede – **sluitingsdatum vir aansoeke is Dinsdag 15 Julie 2014**, met diensaanvaarding so spoedig moontlik.

10. HELP ASSEBLIEF MET STUKKENDE KERKKLOK: Die kerkklok van die NG Gemeente Hoopstad is stukkend. Indien daar enige iemand is wat al soortgelyke probleme ondervind het en inligting kan verskaf rakende die herstel of vervanging daarvan, kontak asseblief die Kerkkantoor in Hoopstad by 053 444 1058, of stuur ‘n e-pos aan **ngkhoopstad@gmail.com**.

11. HULP VIR HUWELIKSBEVESTIGERS: Klik **hier** vir ‘n handige afmerk-lysie (*checklist*) vir die dokumente en inligting wat ‘n huweliksbevestiger bymekaar moet kry. Marieta Visagie van die Sinode Wes-Kaap het dit saamgestel – dankie Marieta, jy is ‘n ster!

12. NB! HERHALINGS VAN BERIGTE: Kennisgewings en inligting wat in ‘n vorige uitgawe van *Vrypos* verskyn het, word **hier** vir jou gerief herhaal - neem asseblief daarvan kennis!

Algemeen:

Mighty Men Konferensie in Welkom: 27 – 29 Junie
Skoolverlaterskamp gedurende wintervakansie
50 Dae van Hoop-veldtog: Begin 17 Aug

Dr Richard Blackaby besoek Bfn – 3 & 4 Sept
NB – Info oor Vroue- en Mannekamp 2015

Gemeentes bied aan:
NG Langenhovenpark, Wildsfees: 6 Junie
NG Hugenoot, Kermis: 7 Junie
NG Bloemheuwel, verhoogproduksie, Voorskoot & Lipstiek: 21 Junie
NG Langenhovenpark, Sothoklasse vir Beginners: 5 Aug

13. VERJAARSDAE: Baie geluk aan die leraars wat gedurende die volgende week hul verjaarsdae vier - mooi wense vir 'n geseënde en vreugdevolle nuwe lewensjaar:

8 JUNIE:
Ds André Koenig - BETHLEHEM-OOS - 058 303 3712, 082 780 4021, koenig.andre9@gmail.com

9 JUNIE:
Ds Pieter Conradie - THEUNISSEN - 057 733 0322, 084 500 2022**,** conson1@telkomsa.net

10 JUNIE:
Ds Joe Müller - KROONHEUWEL-NOORD - 056 212 4679, 082 337 6442, joe@kroonheuwelnoord.ng.org.za

12 JUNIE:
Ds Robbie du Toit – ESTOIRE - 051 433 1232, 084 401 6117, robbiedt@telkomsa.net

14. TEN SLOTTE:

Groetnis tot volgende keer.

ANDRé ESTERHUIZEN
Voorsitter & Redakteur (**fin@ngkvs.co.za**)
Samesteller: Thea Bosman (**kerkinfo@ngkvs.co.za**)
namens Kommunikasie - NG Kerk Vrystaat
Tel: 051 406 6719 Faks: 086 502 0821

INDIEN U OP *VRYPOS* WIL INTEKEN, KLIK hier (meld asseblief ook u gemeer
AS U *VRYPOS* WIL KANSELLEER, KLIK hier (dit sal 'n fout wees!)
Gee gerus vir ons terugvoer oor *Vrypos* by **kerkinfo@ngkvs.co.za**

VRYWARING / DISCLAIMER – Klik hier

BYBEL-MEDIA NUUSBRIEF 9/2014:

LEES IN DIE JONGSTE KERKBODE VAN 6 JUNIE:

Kyk na die weduwees en wese - John Robinson van die NG

gemeente Witrivier het gevoel God sê hy moet na die weduwees en wese omsien. Saam met vriende het hy daaroor gebid tot hy besef het hulle het nou genoeg gebid. Hulle moet nou begin doen. Nou gee hy, sy vrou Antoinette en hul helpers vyf dae per week vir meer as 1500 mense kos en die blye boodskap. Vir Witrivier is hulle 'n inspirasie!

Help vir Rustenburg! - Rustenburg se gemeentes het alle moontlike hulp nodig om die maatskaplike krisis in hul gemeenskap te hanteer. *Kerkbode* vertel hoe ander gemeentes kan help.

Lees ook:

- Karoo-dominee se kamera tower skoonheid op.
- Dit is óns kinders, nie 'hulle' kinders nie.
- 'n Stukkie paradys in die Laeveld.
- Dwars oor Namibië vir kinders.

JONGSTE DRIE BYBELKOR-PUBLIKASIES BEKENDGESTEL:



Jaap du Rand praat oor eenheid, versoening en geregtigheid - Soos die boektitel suggereer, weerspieël hierdie bundel temas wat Jaap Durand vir meer as 40 jaar passievol bedink en nagestreef het, die eenheid van die kerk, versoening tussen mense en dat geregtigheid sal geskied. Hoewel dié bundel temas direk en indirek met die Belydenis van Belhar verband hou, word dit nie daardeur omlyn of beperk nie. Die bundelopset is veel wyer. Dit kan gelees word in terme van 'n oorkoepelende nadenke oor die rol van geloof in ons daaglikse lewe, die wese en roeping van die kerk – en uiteraard, óók oor die vraag na eenheid, versoening en geregtigheid. Prys: **R135.00** (BTW en posgeld ingesluit). Dit is reeds op 26 Mei in Stellenbosch bekendgestel.

Wonderwêreld - *Jesus se woorde in Matteus oor die koninkryk van God*

Hierdie geselsgids strek oor vier weke en begin met ’n inleidende oordenking oor elke tema. Daarna volg een groepstudie en vyf persoonlike studies vir elke week. Die maand word met ’n slotoordenking afgesluit. Elke week spring weg met ’n kort preekstudie en groepriglyne wat by mekaar aansluit. In ’n gemeente sou die preek die week se studies kon inlei of selfs daarop kon volg. ’n Omvattende Bybelstudie vir Koninkrykstyd oor God se koninkryk met:

- 20 individuele Bybelstudies
- 4 groepbyeenkomste
- ’n Gratis preekstudie vir elke week (laai af by **www.bybelmedia.co.za**).
- Gratis videogrepe as gesprek-afskoppers vir die groepgesprek (laai af by **www.bybelmedia.co.za**).

Prys: **R 59.95** (BTW en posgeld ingesluit).

Prente van die koninkryk, Jaco Thom - *Jesus se gelykenisse oor God se nuwe wêreld*

’n Ses-weke-Bybelstudie, vir individue en kleingroepe. Iemand het gesê ’n gelykenis is soos ’n grap. As jy dit eers moet verduidelik, is dit nie meer ’n grap nie. Só werk ’n gelykenis ook. Dit skep ’n beeld wat jy moet snap en waarop jy moet reageer, met skok, verontwaardiging, verbasing… Jy kan nie neutraal bly of afgetrokke daarna luister en tog die boodskap verstaan wat dit wil oordra nie. In hierdie Bybelstudie met ses ontmoetings, lei Jaco Thom individue en kleingroepe deur Jesus se gelykenisse oor God se koninkryk, sy nuwe wêreld. Hierdie gelykenisse wil nie (net) ons insig in God se

nuwe wêreld verander nie, maar ons hele lewe. Prys: **R40.00** (BTW en posgeld ingesluit).

INLIGTING, NAVRAE EN DIENSVERSKAFFING:

- Skakel 0860 26 33 42 óf 021 873 0822
- Of stuur jou bestelling per e-pos na: **bestel@bmedia.co.za**
- Of koop direk met jou kredietkaart op die webtuiste: **www.bybelmedia.co.za**

Groete uit Wellington – dit is koud en nat!

Hans Steyn
Departement Fondswerwing
E-pos: **hans@bmedia.co.za**
Tel: 021 864 8223

TERUG NA INHOUD

NUUSBRIEF – MISSIE JAPAN:

29 Mei 2014

Liewe Missie Japan Medewerkers

NUUS UIT DIE KANTOOR

Ons vertrou dat dit met julle almal baie goed gaan. Met ons sendelinge, Stéphan en Carina van der Watt en hulle kroos, sowel

as met Gys en Linda Olivier en hulle dogtertjie, gaan dit baie goed. Die werk wat hulle daar in Japan doen, word baie waardeer deur ons Japannese broers en susters – ons is diep dankbaar vir die besondere manier waarop die Here ons sendelinge gebruik.

1. Stéphan en Carina en hulle kinders se besoek

Stéphan en sy gesin kom teen einde Junie vir ’n tydperk van bietjie meer as drie maande Suid Afrika toe. Hulle kom vir ’n welverdiende rustyd, maar Stéphan gaan ook in dié tyd ondersteunende gemeentes besoek. Die besoekprogram is byna gefinaliseer en hy gaan hard moet werk om by almal uit te kom. Groot dankie aan al die gemeentes wat hom hartlik ontvang en geleentheid bied om van hulle werk te vertel. Dit is baie nodig om deur sulke besoeke persoonlike verhoudinge te bou.

As iemand dalk weet van ’n groterige motor (daar is nou vier woelige kleuters in Stephan-hulle se gesin!) wat ons gedurende die besoek kan huur of dalk kan leen, laat weet asseblief vir ons (051 406 6729 of missio@ngkvs.co.za)

Ons sien baie uit na hulle kuier in Suid Afrika en hoop dit gaan baie geseënd wees.

2. Nuwe sendelingpaar gesoek

Missie Japan Bestuurskomitee het onlangs besluit dat ons nou daadwerklik moet begin soek na nog ’n sendelingpaar wat ons na Japan kan stuur. Die versoek kom voortdurend van ons susterkerk in Japan. Om so iemand te identifiseer en uiteindelik te stuur, gaan ’n hele proses wees. Voordat ons egter begin om advertensies te plaas, wil ons eers al die ondersteuners oor die planne inlig. Want, ook vir so ’n nuwe sendelingpaar sal ons die nodige finansiële en ander ondersteuning moet vind. Bid asseblief dat die Here self die regte persone sal roep en die nodige ondersteuning sal moontlik maak.

3. Gebedskedule

Vir ’n onderneming soos Missie Japan om te slaag, is dit nodig om alles in diepe gebedsafhanklikheid te doen. Alléén gebed kan die sendelinge in Japan dra. Daarom sal dit goed wees as gemeentes op

'n gereelde basis vir hulle kan bid. Om hiermee te help het ons 'n gebedskedule opgestel wat kan help om doelgerig vir die werk te bid. Met dieselfde skedule bid ons broers en susters in Japan ook vir die sending. Ons sluit dit hieronder as bylaag in.

Baie dankie vir julle lojale ondersteuning.

Vriendelike groete.
Gideon van der Watt (Sekretaris)

MISSIE JAPAN - ITEMS VIR DAAGLIKSE VOORBIDDING

MAANDAG - Bid vir Missie Japan sendelinge en hul gesinne:

- Hul roeping en volharding, hul fisiese-, emosionele- en geestelike welsyn, hul huweliks- en gesinslewe, die opvoeding van hul kinders, hul deel-wees van en geloofwaardige getuienis binne hul gemeenskappe, hul bedieninge en hul families tuis.
- Stéphan en Carina van der Watt en hulle kinders: Annlie, Cornelius, Lodewyk en Stéphan wat in Tokushima woon. Stéphan en Carina werk op die eiland Shikoku en hy werk ook by die Teologiese skool te Kobe.
- Gys en Linda Olivier (en hulle dogtertjie Linie) wat in Kochi Stad by die *SEIWA Christian School* werk.
- Dat die Here 'n nuwe sendelingpaar sal roep en stuur.

DINSDAG – Bid vir die *Reformed Church of Japan* (RCJ):

- Die sinode, ringe, gemeentes en leraars van ons susterkerk in Japan en hul roeping tot diens en getuienis binne spesifiek die Japannese samelewing.
- Die werk in Noord-Oos Japan waar soveel mense ontwrig is deur die 2011 aardbewing, tsoenami en kernkragramp – spesifieke projekte.
- Die opleiding van leraars.

WOENSDAG – Bid vir die Ring van Shikoku:

- Die ring van Shikoku en al die klein gemeentes op die eiland, die Woordbediening, die pastorale werk, jeugwerk, die getuienis na buite, die groei van die kerk.
- Die ringswerksaamhede, die skolingsgeleenthede, die beplanning en veral die jeugwerk - spesifiek *Happy Kids* waarby die Van der Watts betrokke is en *SEIWA* skool waar die Oliviers betrokke is.

DONDERDAG – Bid vir die land Japan:

- Die mense van Japan, die leiers, die veiligheid en die ekonomie van die

land, die gespanne verhoudinge met buurlande soos Noord-Korea en China.
- Godsdiensvryheid en die uitdra van die evangelie in ’n land waar minder as 1% van die bevolking van 127 miljoen Christene is.

VRYDAG – Bid vir Missie Japan as vennootskap:

- Missie Japan se ondersteuningsbasis, al die individue en gemeentes wat deel in die roeping en die werk ondersteun – bid dat die ondersteuning volhoubaar sal groei.
- Missie Japan-kantoor en al die administratiewe verantwoordelikhede.
- Wyse leierskap in die organisasie, ’n duidelike roeping en visie.

SATERDAG – Bid vir kerklike verhoudinge:

- Verhoudinge tussen die RCJ en die NG Kerkfamilie.
- Wedersydse respek en sensitiwiteit, wedersydse besoeke, onderlinge hulp en gesamentlike projekte, teologiese samewerking en uitruilprogramme.

SONDAG – Bid vir die eredienste op ’n Sondag:

- Eredienste, verkondiging van die Woord, gemeenskap van gelowiges, Sondagskool, versterking en toerusting van gelowiges.
- Spesiale eredienste vir “soekers” en nuwelinge, toerusting- en evangelisasie geleenthede.

TERUG NA INHOUD

VAKATURE – ENGO GESINSORG:

Engo
Family Care · Gesinsorg

MAATSKAPLIKE WERKER (VIRGINIA):

POSVEREISTES:

• Geregistreerde Maatskaplike Werker.
• Oor ‘n bestuurslisensie beskik.

- Moet gemaklik in Afrikaans en Engels kan kommunikeer. Die taal van die werkgewer is Afrikaans.

Hierdie is 'n voldag pos - salaris onderhandelbaar, asook 'n 13de tjek en pensioenfonds met permanente aanstelling. Die standplaas is Virginia, gebied Vrystaat.

Diensaanvaarding: So spoedig moontlik.

Sluitingsdatum vir aansoeke: 15 Julie 2014

Aansoeke met 'n volledige CV kan gerig word aan:

Die Kantoorhoof
Posbus 61
Virginia, 9430
Vir aandag: Mev J Ferreira
E-pos: kmdwin@telkomsa.net
Faks: 057 212 4241
Navrae: 057 212 4242

Indien geen terugvoer drie weke na sluitingsdatum, kan aanvaar word dat die aansoek onsuksesvol was.

TERUG NA INHOUD

HERHALINGS:

INHOUD

1. ALGEMEEN:

- ***MIGHTY MEN* KONFERENSIE IN SENTRAAL SUID-AFRIKA:** Kom "Groei in die Gees" tydens Sentraal Suid-Afrika se *Mighty Men* Konferensie saam met Piet Jacobs en Danie van Wyk, met lof & aanbidding deur Franna Benade. Dit gebeur tydens die **naweek van 27 – 29 Junie 2014 by die Bundu Game Lodge in Welkom.** Koste is

R50pp (hele naweek) en kaartjies is by *Artic* in Welkom en Bloemfontein beskikbaar. Oornag/kampering @ R100pp vir die naweek kan gereël word, kontak vir Garth Batteson by 082 576 6952, of besoek **www.Mightymen.co.za**, of ook hulle *Facebook*-blad by **MMCCentralSA**. Ander verblyf vir die naweek @ R400pp, alle etes ingesluit, is ook beskikbaar – almal is verantwoordelik vir eie vervoer – hiervoor kan julle vir Charles by 083 305 876 skakel.

- **SKOOLVERLATERSKAMP:** Hierdie lewensverrykende motiveringskamp vir matrikulante vind in die **eerste week van die winter skoolvakansie (30 Junie – 4 Julie 2014)** by Udolfo-kampterrein naby Parys (in die Vrystaat) plaas. Klik gerus op die volgende skakels vir meer **inligting, voorblad bl 1** en **inskrywings- en vrywaringsvorm bl 2**.

- **50 DAE VAN HOOP VELDTOG:** *HOOP wat groei en groei...* Het jy al gehoor van die groot opwinding oor die nuwe 50 dae van HOOP veldtog? Vele gemeentes regoor die land het reeds vir hierdie landswye veldtog ingeskryf wat op die 17de Augustus 2014 afskop. Klik asseblief **hier** vir meer inligting, kontakbesonderhede, ensovoorts.

- **BEKENDE SPREKER EN SKRYWER BESOEK BLOEMFONTEIN: Dr Richard Blackaby**, bekende spreker en skrywer van die gewilde *Beleef God*-materiaal, **besoek** Suid-Afrika gedurende September 2014 en **spesifiek vir Bloemfontein op 3 en 4 September**. Richard is die president van *Blackaby Ministries International* en woon in Atlanta, Georgia. Sy besoek is daarop gerig om Besigheidspersone, Geestelike Leiers en huisgesinne aan te moedig om God te beleef en te ervaar en ‘n verskil vir Jesus te maak. Moenie die geleentheid misloop nie – klik **hier** vir sy program in Bloemfontein. Vir meer inligting, kontak vir Charles James 082 322 5484, Jacques Killian 082 440 0795, Arno

van Niekerk 084 208 6211, Carel vd Merwe 082 821 7600, of Nico Mostert 084 560 4671.

- **BELANGRIKE INLIGTING – VROUELIDMATE, NG KERK VRYSTAAT:** Kommunikeer asseblief al dié inligting aan u lidmate (vroue en mans):

  ✓ **VROUETOERUSTINGSKAMP - 13 TOT 15 FEBRUARIE 2015:** Maselspoort, met dr Pieter van Jaarsveld van Stellenbosch, as die gasspreker. **NB! Besprekings is reeds oop,** klik **hier** vir die inskrywingsvorm met al die inligting.

  ✓ **MANNEKAMP - WYSIGING VERSKUIF NA 13 – 15 MAART 2015:** Maselspoort, met dr George Roux van Somerset-Wes, as gasspreker. **NB! Besprekings is reeds oop,** klik **hier** vir die inskrywingsvorm met al die inligting.

  ✓ **SINODALE KONFERENSIE - 6 MEI 2015**: Pellissier Gemeente Bloemfontein, met prof Stephan Joubert as spreker.

  Let wel, daar word in 2015 geen Ringskonferensies aangebied nie. Vir enige navrae oor bogenoemde, kontak vir Joanie Theron op 051 406 6732 (k), of stuur 'n e-pos na **gemeentes@ngkvs.co.za**

2. GEMEENTES BIED AAN:

- **WILDSFEES:** Die **NG Gemeente Langenhovenpark** hou weer hulle Wildsfees op **Vrydag 6 Junie 2014, vanaf 17:00 die middag**. Daar word hierdie jaar weer 'n potjiekoskompetisie gehou met groot pryse wat gewen kan word. Koste vir 'n wildspotjie is R120, ander potjies is R100 per pot. **Inskrywings kan by die kerkkantoor gedoen word vóór of op 2 Junie om 12:00.** Daar gaan ook wild-*steak* gebraai word @ R100 vir vier *steaks* - **kaartjies hiervoor moet asseblief by die kerkkantoor gekoop word**. Potjiekos, worsbroodjies, wildsvleis, biltong, droëwors en drinkgoed sal te koop aangebied

word. Vir die jongklomp is daar ‘n springkasteel en ook ‘n piekniekgeleentheid vir die Gr 4- tot Gr 10 jeug. Besoek die kerkkantoor te h/v Boerneef en- Etienne le Rouxstraat, Langenhovenpark, Ma tot Vr vanaf 08:00 tot 12:00, of skakel 051 446 2225. Vir verdere navrae kan ds Hennie Pistorius op 076 176 4530 geskakel word.

- **KERMIS NG HUGENOOT:** Vind op **Saterdag 7 Junie 2014 vanaf 09:00 – 13:00 op die kerkterrein** plaas. Vir meer besonderhede kontak die kerkkantoor gedurende kantoorure (08:00-14:00) by 051 436 2659. *Uitstallers is welkom om @R100 per uitstalruimte, hul artikels te kom uitstal, net géén kos nie asseblief. Belangstellendes moet so gou moontlik vir Wilma von Wielligh op 084 507 3608 skakel om plek te bespreek.*

- **‘N LEKKER VERHOOGPRODUKSIE:** Die **NG Gemeente Bloemheuwel** (geleë te Haarburgersingel, Westdene), bring die vertoning, ***VOORSKOOT & Lipstiek*** na Bloemfontein op **Saterdag 21 Junie 2014 om 10:00**. Dié produksie met Marinda Engelbrecht van Kokkedoor 2013-faam en Herman Lensing (Sarie se kosredakteur), is deur die skreeusnaakse Marion Holm (Sussie) geskryf. Dit kom slegs vir die een vertoning Bloemfontein toe en is reeds hoog by die Universiteit van Stellenbosch se Woordfees aangeslaan en het ook vol sale by die KKNK getrek! Hierdie produksie betrek al die sintuie, jy hoor, sien en ruik hoe Elsa vir haar seun, wat van die stad af kom, ‘n feesmaal voorberei. Hoekom sou sy dit wou doen? Elsa sê egter later: “As jy nie respek het vir kos nie, kan jy ook nie respek vir jouself hê nie!” Almal, van jonk tot oud kan hierdie produksie kom geniet @ R110pp – vir kaartjies, kontak vir Marieta by die Kerkkantoor op 051 447 7468.

- **BEGINNERSKLASSE IN SESOTHO**: Die **NG Gemeente Langenhovenpark** bied wéér hulle gewilde kursus in Sesotho aan. Dié kursus strek oor 30 weke en totale

koste beloop R2 000. Die **kursus begin DV Dinsdag 5 Augustus om 18:30** en vind in die Gemeentesentrum van die NG Kerk Langenhovenpark plaas (oorkant die kerkgebou). **Registreer** asseblief **vóór of op Vrydag 1 Augustus om 12:00** - telefonies by 051 446 2225 of per e-pos by **ngklhp@mweb.co.za** – klik **hier** vir 'n volledige inligtingstuk. 'n Nie-terugbetaalbare deposito van R750 is betaalbaar vóór, of op 4 Augustus 2014. **NB! Daar is slegs plek vir 25 studente.**

TERUG NA INHOUD

50 DAE VAN HOOP VELDTOG - *HOOP wat groei en groei...:*

Almal word vriendelik uitgenooi om saam hierdie veldtog te doen. Dit is die vierde veldtog wat in Mpumalanga ontwerp is deur ongeveer 20 leraars van verskillende kerke. Verlede jaar het meer as 120 gemeentes die veldtog, "Jesus sê wat?" saamgedoen.

Hulle bied die volgende:

1. 'n Handleiding vir Kleingroepe, wat dagstukkies insluit vir die 50-dae (koste sal bepaal word deur die hoeveelheid bestellings van gemeentes ontvang. Indien jy dit nie nou wil bestel nie, is die handleiding gratis in pdf-formaat beskikbaar). Kyk gerus na die voorbeeld van week 1 – klik **hier**.
2. 'n DVD wat die Kleingroepbesprekings weekliks inlei @ R 55.00 p/dvd. Dit help nuwe groepe om teologies na die tema te kyk.
3. 'n HOOP-EMBLEEM-sleutelhouer (kwotasies word afgewag afhangende van hoeveelheid inskrywings wat ontvang word).
4. 'n Plakkaat wat as advertensie kan dien (kwotasies word afgewag afhangende van hoeveelheid inskrywings wat ontvang word).

Die volgende is gratis beskikbaar:

- Preekriglyne wat pas by die week se Kleingroep-tema.
- Junior- en Senior Jeugmateriaal wat aansluit by die tema.
- Riglyne vir die saamstel van 'n VELDTOGSPAN.

- ’n Handleiding vir die Opleiding van Kleingroepleiers.
- ’n Temalied van Hoop wat groei en groei... – klik **hier** (die woorde van die lied kan ek vir jou e-pos by inskrywing.)

Die gemeente in Witrivier stel ’n pakket saam vir elkeen wat inskryf, insluitende:

- ’n Handleiding vir KLEINGROEPE met 50 dae se dagstukkies
- ’n Sleutelhouer met ’n HOOP-embleem
- ’n Spekboom potlantjie/of enige ander potplant boompie.
- Gemeentes kan ook ’n boom op die terrein of liturgiese ruimte plaas en die sewe momente van hoop van die sewe weke uitbeeld.

INSKRYWINGS: Daar is nog tyd tot Vrydag 20 Junie 2014 om jou inskrywing te rig aan **kobie@whiteriverprinters.co.za** en **dsjurgens@telkomsa.net**.

BESOEK VAN DR RICHARD BLACKABY:

PROGRAM:

WOENSDAG 3 SEPTEMBER 2014:

10:30 - 15:30 Byeenkoms vir Geestelike Leiers
Plek: NG Gemeente Pellissier Vlakfonteinlaan 6, Pellissier
Tema: *Spiritual Leadership*
Koste: R150pp
18:30 - 20:00 Aandbyeenkoms vir Gesinne
Plek: Bloemfontein Baptiste Kerk Van Blerklaan 1, Spitskop (Langenhovenpark)
Tema: *Experiencing God at home*
Toegang gratis

DONDERDAG 4 SEPTEMBER 2014:

7:30 - 9:00 Ontbyt vir Sakeleiers
Plek: Grey College (Grey Pavilion)

Tema: *God in the Marketplace*
Koste: R150pp

Kontakbesonderhede – sien by hoofberig.

BEGINNERSKLASSE SESOTHO - 2014/5:

Die tyd waarin ons leef noodsaak goeie kommunikasie. Dit geld nie net kommunikasie met gesinslede en geloofsgenote nie, maar veral ook met soveel as moontlik van ons medelandsburgers. Volgens statistieke is sowat 65% Vrystaters Sothosprekend – dit is bykans twee derdes! Dit maak dus sin om Sesotho aan te leer ten einde onderlinge begrip en ’n beter verstaan van mekaar te bewerkstellig. Hier volg bietjie meer inligting rakende die Sesothokursus vir beginners wat aangebied word by die NG Kerk Langenhovenpark:

1. DOELWIT:

Om binne die bestek van dertig lesings die grondslag te lê vir die voer van 'n eenvoudige gesprek in Sesotho. Die vorige kursusse, wat net 16 weke geduur het, is intussen uitgebrei. Dit beteken dat die tempo stadiger sal wees ter wille van die meer effektiewe aanleer van nuwe materiaal. Dit laat ook meer tyd vir gesprek, herhaling en addisionele leeswerk in Sesotho.

2. BELANGRIKE UITGANGSPUNTE:

2.1 Suiwer *motiewe* sal ’n aanwins wees.

2.2 *Realistiese verwagtings*: om ’n taal aan te leer bly ’n groot uitdaging, maar is terselfdertyd ’n baie bevredigende ervaring.

2.3 *Commitment* en baie harde werk is onontbeerlik en sal ryklik beloon word!

2.4 *Klasbywoning* is van kardinale belang – ter wille van basiese grammatika en korrekte uitspraak van woorde.

2.5 Memorisering van *woordeskat*. Afgesien van die woorde in die voorgeskrewe literatuur, word nuwe woorde gereeld in die klas bygevoeg. Vra dus gerus vir woorde wat gereeld in jou leef- en werksomgewing gebruik word.

2.6 'n *Sesotho gespreksgenoot* is eweneens onontbeerlik! ‘n CD, wat van die materiaal wat behandel word herhaal, is op aanvraag by die dosent beskikbaar.

2.7 Sekere Suid-Sothosprekers verkies dit om *Engels* eerder as Sesotho te gebruik tydens gesprekke en veral in die openbaar. Gebruik altyd goeie oordeel!

2.8 *Teorie en praktiese oefening* sal tydens die lesings aandag kry. Skaamte gaan jou punte kos…

3. LITERATUUR:

3.1 Du Plessis, JA, Gildenhuys, JG & Moiloa, JJ. s.a. Tweetalige Woordeboek: Afrikaans – Suid-Sotho. Kaapstad: Via Afrika Bpk.

3.2 Emslie, CF 1984. Tharollo ya Leleme la Sesotho. Bloemfontein: PJ de Villiers Uitgewers (hierdie is die materiaal wat in die klas gebruik gaan word en ’n kopie van die relevante dele van die boek sal aan elke student verskaf word tydens registrasie op die eerste aand van die kursus. Die koste hiervan is reeds ingesluit by die prys).

3.3 Kok, CR & Botha, LC. 1992. Suid Sotho: Afrikaans Skoolwoordeboek. Bloemfontein: Pro Christo Publikasies.

3.4 Moiloa, JJ & Emslie CF, 1987. Nuttige Sesotho. Goodwood: NASOU Bpk.

3.5 Mokoena, Aubrey D. 2007 (3e druk). Sesotho made easy. A step by step guide. Pretoria: JL van Schaik.

3.6 Daar is ook hulpmiddele beskikbaar op die Internet byvoorbeeld Sesotho Online: **http://www.sesotho.org/**

3.7 ***Indien u enige van dié literatuur beskikbaar het, bring dit gerus saam na die lesings toe, maar, wag tot na die eerste lesing voordat u enige aankope doen.***

4. ALGEMENE OPMERKINGS:

4.1 'n Volledige kursushandleiding, wat al die lesingmateriaal bevat, sal tydens die eerste lesing aan elke student beskikbaar gestel word.

4.2 Teorie, praktiese oefeninge en tuiswerk vorm die basis van die kursus.

4.3 Weeklikse evaluering vind plaas.

4.4 Akademiese instellings soos die UV bied ook die vak aan.

4.5 Registreer asseblief by die kerkkantoor per telefoon by 051 446 2225 of per e-pos by **ngklhp@mweb.co.za**.

Registrasie sluit op 1 Augustus om 12:00.

4.6 Die totale koste beloop R2000. ’n Nie-terugbetaalbare deposito van R750 is betaalbaar vóór of op 4 Augustus 2014 om 12:00.

4.7 Die lesings vind normaalweg plaas op Dinsdae 18:30 - 20:00 in die Gemeentesentrum van die NG Kerk Langenhovenpark (in die Kleinkerk). Sien die program in die kursushandleiding vir meer besonderhede.

5. ANDER BENODIGDHEDE:

'n Pen en skryfpapier.

Ek hoop jy geniet die kursus so baie soos ek en ontwikkel ook 'n voorliefde vir hierdie wonderlike taal!

Riaan Stander
Tel: 051 446 1131
Sel: 082 665 8478
E-pos: **myposduif@telkomsa.net**

Lig in die duisternis, ***hier vir God, mekaar en die wêreld***